**SAAMPRAATPAPIER** **11 MEI 2014**

**LEES EFESIëRS 5: 21 – 33**

**DEEL MET MEKAAR:** Wat staan uit/spreek jou aan uit hierdie gedeelte?

**Hierdie gedeelte gaan oor die verhouding tussen getroude man en vrou, maar die beginsels kan eintlik *op alle verhoudings* van toepassing gemaak word.** Die beginsels word as volg saamgevat (die woord "vreugde" in die huwelik word hier as hulpmiddel gebruik):

**V** = VERANTW/VOLWASSE ("Sal pa en ma verlaat" impliseer dat diegene wat wil trou, volwasse/verantwoordelik genoeg is om die goeie en die slegte van die lewe op 'n volwasse manier te kan hanteer). **Moet mens eers 'n sekere ideale ouderdom wees om dit te kan regkry/om te kan trou?**

**R** = RESPEK/ONDERDANIGHEID/EERBIED. **BESPREEK: Is dit net van toepassing op die vrou soos tradisioneel verstaan word?** (Lees vers 21 weer)

**E** = EG/EERLIK WEES / NIE EGBREUK OF EGSKEIDING – Moenie iets doen wat jou maat se vertroue in jou laat skade lei nie; "hy sal saam met sy vrou lewe" impliseer tog iets van 'n permanente aard (man en vrou moet daaraan werk om nie iets te doen wat lei tot egbreuk/egskeiding nie). **BESPREEK: As julle so na die huwelike in die samelewing kyk, sou julle sê meeste huwelik lyk goed en gelukkig? Of nie? Waarom sê julle so?**

**U** = UITMUNT. **BESPREEK: Waarin moet die vrou uitmunt** in die huwelik volgens Efesiërs 5: 22 – 24?

**G** = GEE JOUSELF IN LIEFDE. Dit is waarin die man moet uitmunt in die huwelik (Sien verse 25 en verder). Eintlik moet alle mense in alle verhoudings hulself afvra: wat kan ek doen/bydra om hierdie maat/vriend/kind/ouer van my nog meer/beter mens te laat wees. **NOEM vir mekaar prakiese voorbeelde van hoe 'n mens dit kan doen.**

**D =** DIE DRIE-ENIGE GOD MOET FONDAMENT VAN HUWELIK/verhoudings WEES. **Kyk weer na Efesiërs 5:21-33 en wys vir mekaar uit waar gewys word dat dit wat man en vrou in die huwelik doen, op 'n wyse "soos...Christus..." moet plaasvind.**

**E** = EENSGESIND/EENHEID "Hulle 2 sal een wees" dui daarop dat hulle 'n span vorm/saam die laste van die lewe dra en saam die blydskap van die lewe ervaar.

**GEE GELEENTHEID VIR GEBED: BID VIR ONS LIDMATE SE HUWELIKE/ GESINNE/ ook sommer vir ALLE VERHOUDINGS WAARIN HULLE STAAN (met kollegas/ bure/ vriende/ familie/ met hulself, ens).**